KAMMANUUS
Nommer 314 3 Oktober 2011
'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Volksvreemd, ergernis – lesers skryf oor Vuisboek

Dagsê julle

Laas keer het ek gevra dat julle vir ons skryf oor Facebook, en ek plaas graag vandag drie van die briefies wat die algemene sienings mooi saamvat.

Die eerste stukkie kom van **Fanie Buys** en ek stem saam dat as jy Bakkiesboek te erg onder die vel kry, dit soos 'n soort kuberdwelm kan raak.

Hoekie vir Eensames

Fanie laat weet:

Facebook is in 'n sekere mate vandag se weergawe van die Hoekie vir Eensames. Dit kompeteer met verskeie ander soortgelyke idees, want elke haan wil graag op sy eie (finansiële) mishoop kraai. Ek het dit onlangs nuttig gebruik om mense op te spoor vir my familienavorsingprojek.

In my opinie is die media nie werklik enigsins gevaarliker as wat die ou Hoekie van Eensames was nie. Ook daar het mense wanvoorstellings van hulself gemaak. Daar was 'n geval van 'n vrou wat 'n man so ontmoet het, getrou het en hom na 'n geskiedenis van mishandeling vermoor het. Mens kan verslaaf daaraan raak (soos aan vele ander goed).

Van volksvreemd na volksmond

Wessel Ebersohn van Beaconbaai skryf:

Ek het, net soos destyds toe selfone hul verskyning gemaak het, vierpoot vasgesteek en volstrek geweier om deel te wees daarvan. Met nabetragting besef ek die rede was dat ek vrek versigtig was vir hierdie "volksvreemde" gedoentes en omdat ek nie 'n benul gehad het hoe dit werk nie. Met die tyd het ek egter ingegee en een aangeskaf. Op 70 weet ek nou darem net soveel as mens moet weet van hulle.

Met Vuisboek was dit anders. Ek kon om de dood nie insien watse voordeel dit kan inhou om op hierdie manier met my familie en vriende te kommunikeer nie, daar is mos e-pos. Tot my kleinkinders my begin leer het hoe maklik en lekker dit is om gedagtes en nuus op hierdie manier te deel.

Vandag kuier ek en my beter helfte baie gesellig vir 'n paar minute elke dag met ons mense. Ons het ook al 'n hele klompie kennisse en familielede waarmee ons jare gelede laas in kontak was weer "herontdek."

Maar soos met enige iets moet Vuisboek reg gebruik word en mag 'n mens nie toelaat dat dit jou lewe oorheers nie. Ek dink dis ideaal vir ouer (eensame) mense om kontak te hou met mense vir wie hulle omgee.

Wat my egter grondeloos irriteer is die jong mense se manier om afkortings te gebruik wat jou breinkrag tot die uiterste beproef om te verstaan wat hulle sê. Ek dink dis sommer "afshow" en omdat hulle te lui is om die woorde uit te skryf.

(Wessel, as jy my vra, is dit omdat hulle ook nie meer weet hoe om 'n woord te spel nie.)

Onmisbare ergernis

Laastens Alwyn du Plessis van Walmer se verkorte briefie:

Vuisboek laat my toe om kommentaar op sake van die dag te lewer. Ek bewerkstellig kontak met webwerwe wat voorheen e-posse aan my gestuur en my posbus oorlaai het. Nou verbind ek eerder met Vuisboek met die werwe. Voorbeelde is CNN en Economy watch. Vir my het Vuisboek 'n onmisbare ergernis geword.

My bietjie in die piepot: Versigtig met waarmee jy betrokke raak wanneer jy Bakkiesboek se wêreld betree. Dis uitstekend om lang verlore vrinne en neefs en niggies op te spoor. Maar as jy eers begin afdwaal na al daai speletjies soos 'Farmville' en genootskappe waarna jy uitgenooi word, dan begin dit raak soos TV kyk. Mens kan vasval in 'n sinnelose roetine van gemorstyd eerder as om beter dinge te doen soos Kammanuus te lees.

Groete uit die land van sand,

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Britse humor

Godsdiens
Ek was hoogs ontsteld toe ek hoor my vrou het 'n affair. My oplossing was in godsdiens: Ek het besluit om 'n Moslem te word. Ons stenig haar met sonop.

Herdenking
Ek het gisteraand saam met my meisie kroeg toe gegaan. Almal het "pedofiel!" gegil, net omdat ek 50 en sy 21 is. Dit het ons tiende herdenking heeltemal geruïneer.

Waaghals
Een van daai waaghalse wat deur 'n kanon uitgeskiet word, is tragies by die Kent Show oorlede. Ons gaan sukkel om weer iemand van sulke kaliber te kry.

Manlik of vroulik?

Fotokopieërders is vroulik. As hulle eers afgeskakel is, vat dit 'n hele ruk voordat hulle weer opwarm. Hulle is uitstekende reproduksie-toesdtelle as jy die regte knoppies druk, maar kan ook verwoesting saai as jy die verkeerdes druk.

Warmlugbalonne is manlik: Jy moet 'n groot vuur onder hulle maak om hulle êrens te kry.

Sponse is weer vroulik: Hulle is sag en drukbaar en hou baie water.

Vriessakkies is manlik: Jy kan enigiets in hulle prop en dwarsdeur hulle sien.

'n Bankier is iemand wat jou sy sambreel leen as die son skyn, maar hom terugeis as dit begin reën. -- Mark Twain (1835-1910)

Die verskil tussen dames en regte vroue

Dames - As jy per ongeluk te veel sout by 'n dis gegooi het terwyl dit nog kook, gooi 'n geskilde aartappel by. Die sout sal opgetrek word.
Regte Vroue - As ek te veel sout bygevoeg het, is dit 'n jammerte. Ek het dit gemaak en jy sál dit eet . . . Of maak jou eie.

RAAT VIR HOOFPYN
Dames - Vat 'n halwe suurlemoen, sny dit in die helfte en smeer dit aan jou voorkop. Die pyn sal weggaan.
Regte Vroue - Vat suurlemoen, meng dit met tequila en drink. Jy mag dalk nog jou hoofpyn hê, maar wat daarvan?

Het jy geweet?

V: Hoekom het banke vir muntstukke 'n varkie se vorm?

A: Lank gelede is skottels en potte in Europa gemaak van 'n digte, oranje klei genaamd pygg. Toe mense muntstukke in hulle begin wegsit het, het die fles bekend geword as 'pygg banks.'
Toe 'n Engelse pottebakker die woord misverstaan het, het hy 'n houer in die vorm van 'n varkie gemaak, en dit het gewild geword.

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Phineas en die leeu

MANIE MULDER van die Verenigde Arabiese Emirate het hierdie storie ingestuur. Hierdie storie is as die heilige waarheid aan my vertel en is gebaseer op een van die bandopnames wat in 1996 gemaak is van radiogesprekke in die kontrolekamer van die Skukuzakamp in die Krugerwildtuin.

Dit blyk dat die veldwagters in die wildtuin wat hier skuins ná die bewindsoorname in 1994 nuut aangestel was, hulle wapens misbruik het. Onwettige immigrante uit Mosambiek wat deur die wildtuin se grensdraad gekom het, is sommer summier doodgeskiet.

Daar is besluit om die veldwagters se wapens weg te vat, maar om te kompenseer vir die blootstelling aan potensieel gevaarlike wilde diere, is elkeen met 'n tweerigting-radio toegerus. Daarmee kon hy darem roep vir hulp indien dit nodig sou wees.'n sonnige Vrydagmiddag dat daar skielik 'n groot geskreeu oor die radio in die kontrolekamer in Skukuza opklink:

Stem: "Leeu! Leeu! Leeu!"
Operateur: "Identifiseer jouself! Waar's die leeu?"
Stem: "Leeu! Leeu! Leeu!"
Operateur: "Kalmeer asseblief! Identifiseer jouself!"
Stem: "Leeu! Leeu! Leeu!"
Operateur: "Wie praat?!"
Stem: "Ek is Phineas Dhlamini. Maar hier's die leeu!!"
Operateur: "Waar's die leeu?"
Stem: "Hy's hier onder by die boom."
Operateur: "En waar's jy?"
Stem: "Ek is bo by die boom."

Nou sal diegene wat leeus ken, weet dat dit 'n groot verskil maak in so 'n situasie of jy met 'n leeuwyfie of 'n -mannetjie te doen het. So voor hy nou begin advies gee, probeer die operateur eers vasstel wat dit is:

Operateur: "Is dit 'n wyfie of 'n mannetjie?"
Stem: "Leeu! Leeu! Leeu!"
Operateur: "Man, is dit 'n leeuwyfie of 'n leeumannetjie?!"
Stem: "Leeu! Leeu! Leeu!"
Operateur: "Fok man! Hoe lyk die leeu?!!!"
Stem, na 'n lang stilte: "Hy lyk vir my fokken honger jong."

Minirompe was slegte idee

DIE WETGEWERS van die Tsjeggiese Republiek het gedink dit sal 'n goeie idee wees om verkeersligte met kartonbeelde van vroue-polisiebeamptes in minirompe te vervang, maar die ongelukke het verdubbel.

"Ek erken ek het na haar gekyk," het 'n bestuurder wat 'n ongeluk gemaak het gesê. "Ek het gewonder waarom op aarde dra sy 'n miniromp in sulke koue weer?"

Moedelose Jood by die Klaagmuur

'N VROUE-joernalis van CNN het gehoor van die ou Joodse man wat al baie jare lank twee keer per dag by die Klaagmuur gaan bid.

Sy gaan toe na die muur en vind hom besig om te bid. Ná 45 minute staan hy op, en sy stap nader en stel haarself bekend.

"Hoe lank bid u al elke dag hier?" vra sy, en hy antwoord 60 jaar.

"En waarvoor bid u?"

"Ek bid vir vrede tussen die Christene, Jode en Moslems. Ek bid dat al die oorloë en haat moet ophou. Ek bid vir die kinders, dat hulle verantwoordelike grootmense sal word en hul medemens sal liefhê."

"En hoe voel u, nadat u dit al 60 jaar lank doen?"

"Ek voel of ek met 'n fokken muur praat."

Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com

BEKOMMERD

Die man bel 911 en sê hy begin bekommerd raak want hy dink sy vrou is dood.

Hulle vra hom hoekom dink hy so. Hy antwoord:

"Die seks is nog dieselfde, maar die strykwerk hoop op."

TOG JAMMER!

'n Blonde sekretaresse word ingeroep na die direkteure se kantoor. Die twee manne vra haar om asseblief haar handtekening te sit op die dokument wat op die tafel lê.

Sy stap nader, en plaas haar handpalm op die bladsy, trek 'n perfekte afskrif van haar hand se buitelyn en stap uit.

Die twee mans kyk verbaas na mekaar, en die een sê: "Ek is spyt ons het haar nie gevra om te parafeer nie".

VINNIG GEDINK

Die man het met sy ses kinders op die vliegtuig geklim en dit het 'n rukkie geduur voordat almal hul sitplekke gekry het.

Toe hulle rustig raak, leun die vrou oorkant die paadjie nader en vra:

"Is dit almal jou eie kinders?"

"Nee," sê die man, "ek werk vir 'n kondoom-fabriek. Hierdie is almal verbruikersklagtes."

Ek is dalk 'n skisofreen, maar ons het darem vir mekaar.

SPIETKOP

Die spietkop het 'n dame afgetrek. Sy wis van geen oortreding nie, en sê:

"Julle wil nou seker aan my 'n kaartjie na die spietkops se bal verkoop?"

Toe sê hy: "Nee, spietkops het nie balle nie."

Toe sy begin glimlag, het hy net omgedraai en weggeloop ...

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

HOE JY VREUGDE UIT JOU KOOLSTOOF KRY

'n Vrou is soos 'n koolstoof: As jy goed na haar kyk, sal sy baie jare lank sorg dat daar lekker kos op jou tafel is.

Nou vra jy my, hoekom juis 'n koolstoof?

Die antwoord is eenvoudig, as jy net bietjie daaroor dink. Kyk, om vuur te maak in 'n koolstoof, verg voorbereiding.

Jy moet voor die tyd sorg dat daar papier en fyn houtjies is, dat daar lekker stompe is en dat die kole emmer vol is. Dan begin jy daai vuur van bo af aanpak.

(Jy kon nog nooit 'n koolstoof van onder af aan die brand steek nie!) Die papier is soos briefies en versies en goed, en is die begin van die hele proses. Dan kom die fyn houtjies. Hierdie is die komplimente en klein dingetjies wat jy vir haar doen om die klein vuurtjie bietjie groter te blaas.

Dan volg die hout. Dis wanneer jy begin geskenke en goed koop, laaste kom die kole, die GROOT WOORD: LIEFDE.

Dis die ding wat sorg dat die vuur lank en warm sal brand. Jy pak ook nie sommer alles gelyk daar in nie, nee, jy begin met die papier en doen dinge so stap vir stap, en soos die een mooi brand, so pak jy die volgende laag by.

En eers wanneer daai vuur goed brand,dan mag jy maar die deurtjie hier aan die onderkant oopmaak en met jou poker daar karring sodat die hitte goed kan afsak. En 'n koolstoof vat baie lank om af te koel. As jy dit nie besef nie, kan 'n man jou hande lelik verbrand.

En moenie dink goed soos Blitz of alkohol is 'n goeie aansteker nie! Jy sal wel so vinnige opwelling en hittetjie kry, maar dit sal maar kort van duur wees. Doen jy die ding nie reg nie, sal daai stoof tjouk en smoor en die hele huis sal naderhand vol rook wees tot pyn en lyding van almal.

Maar doen jy dit reg, sal daar 'n gesellige rokie by die skoorsteen uittrek, 'n sekere sein vir almal dat hitte en gerief in daardie huis is.

Daardie stoof word die middelpunt van die huishouding wat almal om haar saamtrek, wat sorg vir baie gesellige ure omgesels, wat warm maak as dit koud is en rotsvas staan waar sy staan.

Die ander ding wat 'n man moet verstaan, is dat die stoof gereeld skoongemaak moet word, en gewoonlik word dit gedoen deur iemand van die vroulike geslag wat sorg dat daar op gereelde basis van die as ontslae geraak word.
En dan natuurlik, so een keer 'n maand, moet die pype en goed skoongemaak word van die roet en goed, en dan is die stoof so bietjie buite werking. En dan is dit ook hoogs aanbeveelbaar dat jy nie gaan staan en karring nie.

Sy kan natuurlik ook doen met bietjie spoeg en politoer, en daar moet gesorg word dat sy gereeld kry wat nodig is.

'n Gepolitoerde stoof LYK net soveel beter as 'n ou vaal, onversorgde ene. En meneer, as jy nou self so nou en dan bietjie olietjies in die hand neem, en dit mooi sagkens orals aanwend, later tot in die gleufies in, sal jy verbaas wees wat se verskil dit aan jou stofie maak.

'n Man aan die ander kant, is soos 'n spiraalplaat hotplate: Draai net aan sy knop en hy is feitlik onmiddelik warm. Maar as die pot klaar gekook het, word hy weer net so vinnig koud ook. En sien jy ooit mense om hom vergader?

'n Man, aan die ander kant, is soos 'n spiraalplaat *hotplate*: Draai net aan sy knop en hy is feitlik onmiddelik warm. Maar as die pot klaar gekook het, word hy weer net so vinnig koud ook.

En sien jy ooit mense om hom vergader?

Deel 4

Min kos en baie werk ons voorland

In afdeling vier van sy weermagreeks vertel
DIRK BOSHOFF
meer van inspeksie staan en liters water drink.

Ons was veronderstel om elke nag op die beddens te slaap, maar as groep het ons besluit om deur die nag "wag te staan" terwyl die ander op een kombers op die grond en een oor jou lyf op die grond onder jou bed geslaap het.

Indien 'n korporaal in aantog was sou die een wat wag staan ons almal wakker maak en moes ons, teen ons sin, op die beddens klim onder die komberse wat veroorsaak het dat ons weer vroeër moes opstaan om ons beddens te "stryk en te polish".

Deur die dag moes ons dril dat ons oë soos "choknuts" vasgesuig het op die horisonne, 2.4 km hardloop binne 'n gegewe tyd, boekwerk en eksamens skryf, noodhulp leer, masjiengeweer hanteer, uitmekaar haal en terug sit in minder as 13 sekondes en baie ander dinge.

Weens bogenoemde het ons eers tussen 18:00 en 19:00 by ons slaapplekke aangekom. Twee lange rye beddens met 11 diensplig tiges aan elke kant waar alles in lyn moes wees die volgende oggend en skoon (as korporaal nie deur die dag grond op jou vloere kom gooi het nie).

Teen die tyd was ons lekker uitgeput van ou "spikes", die hardloop en so min kos dat jy 'n vergrootglas en *tweezer* nodig gehad het om die kos te sien en op te tel.
Die eiers het dwalend in die olie rondgeswem en die sjefs moes met moeite die eiertjie vang om enetjie in jou bord geplaas te kry.

Jy moes elke oggend 2 liter water drink, een liter in tien sekondes.

As jou handbalans goed was sou jy jou eier in jou bord gevange kon hou en later in 'n slingervel kon gebruik om iemand dood te gooi (dit was blou gebak en kon maklik verwar word met 'n stuk meteoriet).

Ontbyt was tussen 05:00 en 06:00 vir almal in die basis. Om 06:15 moes jy reeds gereed gestaan het voor jou slaapplek, wat toevallig op die verste punt van die basis was. As jy dus in 'n ry gestaan het om ontbyt te kry en dit byk dat jy nie betyds sou wees by jou slaapplek nie, het jy ontbyt maar gelos.

Wanneer jy 06:15 voor jou staanplek staan, moes jy ook elke oggend twee liter water uit jou waterbottel drink. Jy moes 'n liter in 10 sekondes sluk, die bottel dan oor jou kop omkeer as bewys dat bottel leeg is. So ook tweede bottel. As iemand dit nie gemaak het nie, het 'n liter bygekom.

Dit was aaklig en jy het later deurskynend geraak van al die water en party het naar geword. Dit was later verminder tot een liter. As jy dan sou hardloop, het die water in jou maag getjommel en geraas.

Daar was 'n voorwaarde, niemand kroek nie! As jy 'n sakkie in die bottel opblaas om minder water in bottel te plaas, was jou dae en jou vlugeenheid se dae getel as korporaal jou sou uitvang. So begin ons opleiding.

Die storie van twee bedelaars

Twee bedelaars sit lang mekaar in 'n straat in Rome, een met 'n kruis voor hom, die ander met die Ster van Dawid. Almal wat verbystap kyk na hulle, maar gooi net geld in die hoed van die een met die kruis.

'n Priester kom verby, staan stil en hou dop hoe almal net die bedelaar met die kruis ondersteun.

Hy stap na die een met die Ster van Dawid. "My arme mens, verstaan jy nie? Rome is die hoofstad van die Katolisisme. Niemand gaan jou ondersteun nie, veral nie as jy langs die bedelaar met die kruis sit nie. Om die waarheid te sê, hulle sal hóm ondersteun net om jou te vermaak!"

Die bedelaar met die Ster van Dawid draai toe na die een met die kruis, en sê: "Moshe, kyk wie probeer die broers Goldstein iets van bemarking leer!

EEN DAG IN DIE WILDE WESTE

Die ou prospekteerder het die dorp met sy moeë pakmuil binnege-skuifel. Hy maak sy muil buite die salon vas, en terwyl hy die stof van hom afskud kom 'n jong skobbejak uit die kroeg gestap. Hy het 'n rewolwer in die een hand en 'n bottel whiskey in die ander.

"Hei, ou man, het jy al gedans?" vra hy.

Die ou man kyk hom op en af. "Nee, ek het nie. Ek wou nog nooit regtig dans nie."

'n Klomp mense het rondom hulle vergader, en die skobbejak sê: "Wel, jou ou gek, jy gaan nou bietjie dans," en hy begin na die ou man se voete skiet.

Die ou prospekteerder spring rond soos 'n wurm op 'n warm sinkplaat, en die klomp mense lag hulle slap.

Toe sy ammunisie op is, sit die jong man sy rewolwer terug en gaan weer die kroeg binne.

Die ou prospekteerder stap na sy pakmuil, haal sy dubbelloop-haelgeweer uit en haal hom oor.

Die skarminkel hoor die geluid, en draai stadig om.

Stilte sak oor die toneel.
Die skare is gefokus.
Die jong man kyk in 'n dubbele geweerloop vas.

Toe praat die ou man: "Seun," sê hy, "het jy al ooit 'n muil se hol gelek?"

Die jong man sluk hard, en sê: "Nee, meneer, maar ek wou dit nog altyd graag gedoen het."

Hier is 'n paar lesse vir ons almal:

Moet nooit arrogant wees nie.

Moenie ammunisie mors nie.

Whiskey laat jou dink jy is slimmer as wat jy is.

Moenie met ou mans mors nie - hulle het nie oud geword omdat hulle onnosel is nie.

Ek hou van 'n storie met 'n goeie einde, jy seker ook?
Onthou: Ou mans verdien respek.

SÓ TEKEN JY IN OP KAMMANUUS

As jy lekker lees aan Kammanuus en dit dalk selfs vir 'n paar vriende aanstuur, kan jy dit gerus oorweeg om in te teken en te help om die onkostes te dra.

Intekengeld : R120 per jaar. Hiervan skenk ons R20 aan die Yade-tehuise vir bejaardesorg.

Ons Bank:	Eerste Nasionale Bank - Sandton
Rekeninghouer:	Tsamma Enterprises
Tipe Rekening:	Tjek
Rekeningnommer:	620 596 474 23
Takkode:	254 605

POSKOETS
Kammanuus se lesers skryf

Roerende prysuitdeling in China

Lieb en Mies Liebenberg:

Aan die begin van die termyn het elke personeellid op hierdie kampus vyf liter kookolie en vyf kg rys gekry. Elke personeellid het dit baie trots by die kantoor gaan afhaal en swaar daaraan huis toe gedra. Ek weet nie hoe lank sal dit ons twee neem om die 10 kg rys en 10 liter olie op te gebruik nie!

Ook aan die begin van die termyn was daar iets soos 'n Prysuitdelingsfunksie. Met hierdie funksie is daar erkenning gegee aan die personeel op alle vlakke, bv. die beste dosent, beste departementshoof, beste skoonmaker, beste busbestuurder, beste tuinier, beste sekretaresse, die beste kok en so kan 'n mens aangaan.

Hierdie funksie was vir ons 'n eerste en ons dink dis 'n wonderlike idee. Almal, op alle vlakke en alle terreine van so 'n groot universiteit werk mos saam en almal het dieselfde doel en dit is om van die plek 'n sukses te maak. Dit was roerend om al hierdie mense, netjies aangetrek, te kon sien by hierdie meriete-toekenning. Elkeen het 'n sertifikaat en 'n kontantprysgeld in die hand gekry.

Helen, ons FAO (Foreign Affairs Officer) moes uit haar ou kantoor skuif (daar was net twee mense) om plek te maak vir die nuwe visedekaan. Sy deel nou 'n kantoor met tien ander personeellede.

Toe ons haar vra hoe sy voel oor die skuif, was sy baie positief en het ons glimlaggend meegedeel sy gee nie om nie, want in die nuwe kantoor is daar 'n groot spieël teen die muur en dit nogal naby haar lessenaar waar sy na haarself kan kyk! Hulle is almal gek oor spieëls en kameras.
Ons wag nou al vier weke dat die eerstejaars met hulle klasse kan begin en teen

Saterdagaand het ons nog geen inligting van hoe wat en waar nie. Tien voor elf die aand kry ons darem klaslyste en bietjie later die roosters! Die visedekaan is egter jammer om ons mee te deel dat daar nog nie handboeke is nie!

Een van die Chinese lektore wat ook Engels gee, stuur nou 'n klomp werk aan en sê ons kan dit kopieër en môre vir die studente gee! Alles is toe en ons drukker brand omtrent uit as ons tien bladsye druk! Moet nou nog planne beraam voor moreoggend en dit is al kwart oor sewe in die aand hier by ons.

Is daar bewyse van Racheltjie de Beer?

Marnus Steyn:

Dit is pragtige idee om ons volksliedjies op skyf te kan kry. Ek gaan verseker daarvan vir my kleinkinders kry. Ek wens dat iemand iets soortgelyks kan doen t.o.v. ons volksgeskiedenis.

Ek praat onlangs met 'n dame op die telefoon. Haar adres kom toe in die gedrang: "Hans Strijdomrylaan". Op my vraag of sy weet wie hy was het sy nie die vaagste benul gehad nie!

So terloops, volgens die genealogiese fundies, is daar geen geskiedkundige bewyse van Rachel de Beer se bestaan nie! Ek besit die boek "Kinders van Suid-Afrika", geskryf deur Oom Blackie Swart, wat die storie bevat. Dit sal interessant wees wat die oorsprong is want dit is so deel van ons geskiedenis. Miskien is dit n vraag wat jy in Kammanuus kan vra. Dit is nou of daar iemand is wat weet wie sy was, haar familie, ens., met die nodige feite.

Dit is n tragedie dat ons kleinkinders se kennis van ons Afrikaners se geskiedenis so gebrekkig is. Vra maar wie was Silkaats en hulle weet nie. As ek vir hulle se dat hy nes Dingaan n geweldige rol gespeel het, en ek hulle van hom vertel, is hulle stomgeslaan.

Veral as ek hulle vertel van die twee wit dogtertjies wat hy ontvoer het en dat hulle nooit gevind is nie. Dat die swartes slawerny bedryf het al was dit op 'n ander manier, is dit vir hulle nuus. So kan ek aangaan.

Maar hierdie taak is die plig van ons ouer geslag aangesien selfs ons eie kinders nie genoeg weet of die tyd het om dit oor te dra nie.

Genoeg van die onderwerp.

Voor ek afsluit weer 'n baie dankie vir die moeite wat jy doen met Kammanuus. Dit voel al klaar of ons familie is! Ek sal 'n poging aanwend om soos wat die tyd daar is, van my(ons) te laat hoor.

Ek weet wat dit behels, al was dit op kleiner skaal, om 'n nuusbrief te skryf en inligting bymekaar te kry. Vir 17 jaar was ek die nuusbriefredakteur vir die Afrikaanse Filateliese Vereniging.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #15

PYNAPPEL-DROOMKOEK

(Ontvang van Dalena Laas - direkte familie van Jan Cronjé, met tussenvoegsels ingeskryf!!)

Jan: Nou vir die bestanddele eerste!

Esmé: Halfpond meelblom
2 gelykvolle t bakpoeier
6 onse strooisuiker- nie versiersuiker nie.
5 onse botter
3 eiers
9 desertlepels pynappelstroop
Knippie sout

En vir die versiersel: ¼ pint room
Klein blikkie pynappelblokkies
Glanskersies as jy wil vir ekstra kleur

Jan: Dit klink luuks!

Esmé: Ja(laggie). Mens maak dan so:
Sorg dat die botter sag is maar nie gesmelt. Sif meel, sout en bakpoeier saam. Roer suiker in. Roer botter in dan ongeklitste eier en die pynappelstroop. Klop nou baie deeglik met sterk eierklitser, houtlepel of elektriese klitser tot heeltemal lig en donsig.

Jan: dit is die soort koek wat mens se arm wil laat afbreek!

Esmé: Ja nee, hoe donsiger die mengsel, hoe ligter die koek. Skep die beslag nou in 2 gesmeerde laagpanne (ongeveer 8 duim panne.)

Bak nou in 'n matige oond (375 grade F) vir 30 minute. Laat afkoel. Smeer nou die room met 'n rapsie suiker geklits is tussen die lae en bo-oor. Versier met pynappelblokkies en kersies.

Jan: Ja-nee, Só maak mens!

Die Volledige BEDANKINGSLYS sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie,kry jou KAMMANUUS!
Groetnis

STAMBOOM

BEZUIDENHOUT lawrencebezuidenhout@yahoo.co.za
My oupa was Abraham Bezuidenhout van die Kaap se wêrerld af en daarna het hy verhuis na Ventersdorp.

JANSE VAN RENSBURG mariusjvr@iburst.co.za
Ek is op soek na my familie se stamboom. My oupa was Pieter Willem Schalk Janse van Rensburg. Enige inligting sal waardeer word.

LAMPRECHT wernerl1@mobileemai.vodafonesa.co.za
Ek verlang meer inligting oor my familie. My oupa was Philippus Mathys Francois Lamprecht. Enige ander inligting oor ander Lamprecht-families sal welkom wees

RUSSOUW estherpienaar@yahoo.co.uk
Ek is op soek na my broer, Nicol Russouw (noemnaam) wat ek laas in die 60's gesien het. Kan iemand my dalk help met inligting oor my broer of waar of hoe ek te werk moet gaan om hom te soek.

SPENCE michellegeldenhuys@yahoo.com
Ek is nou Michelle Geldenhuys, nooiensvan was Koorts. My ma se nooiensvan was Spence. Ek sal graag meer oor die familiegeskiedenis van die Spence en Koortse wil uitvind.

VAN DER WESTHUIZEN Ann.Short@engenoil.com
My pa Johannes Petrus Willem van der Westhuizen. My broers is Jacobus en Boet Daan van der Westhuizen, woonagtig East Lynne, Pretoria.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die minister en die koorspen

"Nee," sê die stafverpleegster, "hande viervoet met jou boude in die lug."

'n Diknek minister word opgeneem in die hospitaal. Hy moet 'n paar dae bly vir waarneming. Hy het 'n klein probleempie. Hy is egter 'n yslike pyn in die nek vir die verpleegspan. Hy hiet en gebied hulle rond en bont soos wat hy doen met sy eie personeel in sy eie kantoor.

Gou wil niemand meer iets met hom te doen hê nie. Die afdeling se stafverpleegster was die enigste een wat hom kon vasvat. Sy kom die kamer binne en kondig sonder seremonie aan:

"Ek moet jou koors neem." Nadat hy verskeie minute beswaar gemaak het, kalmeer hy, vou sy arms en maak sy mond wyd oop.

"Ek is jammer," sê die stafverpleegster, "dié keer kan ek nie die orale termometer gebruik nie."

Die minister begin met die volgende rondte besware, maar eindelik draai hy onwillig op sy sy en trek die beddegoed beswaard van sy bas af.

"Nee," sê die stafverpleegster, "hande viervoet met jou boude in die lug."

Onwillig luister die minister maar. Hy voel hoe gly die KY Gel-gesmeerde termometer in sy onnoemlike in en met warm ore hoor hy die stafverpleegster vertel: "Ek moet net gou iets gaan haal. Jy moet nou net so DOODSTIL STAAN totdat ek terugkom. Moenie roer nie."

Sy stap vinnig uit en los die deur agter haar oop met die minister wat stert omhoog op die bed is. Hy hoor mense lag as hulle by sy deur verby die gang afstap en hy swets onderlangs.
Na ongeveer dertig minute kom die minister se dokter die kamer binne.

"Wat op aarde gaan hier aan?" vra hy uit die veld geslaan, terwyl hy sluk om nie kliphard te lag nie.

Boos om so lank met sy kale bas langs die oop deur te lê, antwoord die minister:

"Wat makeer jou, dokter? Het jy nog nooit gesien dat 'n mens se koors geneem word nie?"

Ná 'n lang ruk erken die dokter: "Ja, maar nog nooit met 'n angelier nie . . . "

Dis die einde van Kammanuus 314.
Jou volgende stukkie lekkerlees verskyn op 17 Oktober